

18 Julie

Skrifgedeelte: Matteus 6:9-13 (1933/53-vertaling)
Fokusgedeelte: Matteus 6:9-13; Heidelbergse Kategismus Sondag 45

Die Onse Vader – God se volmaakte gebed aan ons

In ons Skrifoordeeninge hierdie maand fokus ons op verdieping in gebed. Daarom is dit gepas dat ons as deel daarvan 'n paar dae stilstaan by die volmaakte gebed, soos ons dit van God ontvang het, naamlik die Onse Vader. Vir die volgende paar dae gaan ons in ons oordeeninge deur die verskillende bedes werk. Wat 'n onuitputlike gebed wat die Here aan ons geopenbaar het!

In die Onse Vader leer Christus ons om te bid vir alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat ons nodig het. En hoe baie het ons nie nodig nie! Elke oomblik van elke dag! Ons is so ten volle afhanklik van ons Vader wat in die hemel is. Daarom leer Christus ons om dit in opregtheid en eerlikheid van Hom te vra. Hierdie gebed getuig daarvan dat ons almal, wie ons ook al is, wat ons omstandighede ook al is, werklik nie sonder God en sy versorgende Vaderhand kan lewe nie. Ons is na liggaam en siel van Hom afhanklik.

Ons belydenis (So. 45, vr. 116) noem gebed die vernaamste deel van ons dankbaarheid voor God. Daarom is die feit dat ons in gebed tot God kan kom en hierdie geestelike en liggaamlike afhanklikheid kan bely, 'n absolute genadevoorreg. 'n Wonderlike vreugde om in die Onse Vader-gebed te kan uitroep: *Here, sonder u gaan ons verlore, met u is ons versorg in alles wat ons nodig het.*

Voordat ons in gebed tot God kan kom, is dit natuurlik belangrik dat ons ons eie nood en ellende reg moet ken. As jy nie weet hoe afhanklik jy is voor God nie, gaan jy Hom moeilik in opregtheid na geestelike en liggaamlike behoeftes vra. Saam met die gebed kom ook die vanselfsprekende feit dat ons *in vertroue* tot God moet bid.

Ons kan in opregtheid, bewus van ons nood en behoeftes, *altyd* vrymoedig voor God kom staan, deur Jesus Christus en bid: *Onse Vader wat in die hemel is ...*

Sing: Die Onse Vader (Skrifberyming 28B)

Ds. JG (Hannes) Noëth (Kimberley)